



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2019

GRAAD 11 – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	Jesaja 1, 6 & 7
Nuwe Testament	Johannes 2 – 3
Les	Les 1–9

Afdeling A – Jesaja 1, 6 & 7

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Jesaja het 'n gesig gesien oor Juda en _____. (Jes. 1:1)
a) Benjamin b) Joab c) Jerigo d) Jerusalem
- 1.2 Watter volk sê die Here verstaan hom nie? (Jes. 1:3)
a) Midianiete b) Moabiete c) Israel d) Assiriërs
- 1.3 Die Here spreek dat iets van Israel 'n wildernis geword het. Wat is dit? (Jes. 1:7)
a) Hulle paaie b) hulle land c) hulle pleine d) hulle stede
- 1.4 As die Here Israel nie as klein oorblyfsel sou laat nie sou hulle soos _____ word. (Jes. 1:9)
a) Sodom en Gomorra b) Jerusalem c) Sinear d) Ai
- 1.5 Waarna moet Israel luister? (Jes. 1:10)
a) die bose geeste b) die sterre c) die mense d) die wet
- 1.6 Israel het offers gebring. Waarmee het die Here fout gevind by hulle offers? (Jes. 1:13)
a) Dit was te veel b) Dit was te goedkoop
c) Dit was skynheilig d) Dit was te duur
- 1.7 Wat moet Israel leer om te doen? (Jes. 1:17)
a) niks b) goed c) so min as moontlik d) slegte dinge
- 1.8 As Israel gewillig is en luister sal hulle van die _____ van die land eet. (Jes. 1:19)
a) goeie b) slegte c) vrugte d) groente
- 1.9 Israel sal word soos 'n sekere boom waarvan die blare sal verdor. Wat is die naam van die soort boom? (Jes. 1:30)
a) 'n terpentynboom b) 'n bloekomboom c) 'n denneboom d) 'n vyeboom
- 1.10 Israel word ook genoem: Die dogter van _____. (Jes. 1:8)
a) genade b) heerlikheid c) Sion d) Abraham

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

oë, rook, Ussia, stuur, drumpelposte, serafs, kool, troon, verstaan, bemerk

- 2.1 In die sterfjaar van koning _____ **A** _____ het ek die Here sien sit op 'n hoë en verhewe _____ **B** _____ (Jes. 6:1)
- 2.2 Die _____ **C** _____ het gebewe van die geluid van die roepers, en die huis het vol _____ **D** _____ geword. (Jes. 6:4)
- 2.3 Maar een van die _____ **E** _____ het na my toe gevlieg met 'n gloeiende _____ **F** _____ in sy hand... (Jes. 6:6)
- 2.4 Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal ek _____ **G** _____ ? (Jes. 6:8)
- 2.5 ... Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyddeur, maar _____ **H** _____ nie en sien altyddeur, maar _____ **I** _____ nie. Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle _____ **J** _____ ... (Jes. 6:9-10)

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Agas as koning van Juda. (Jes . 7:1)
- 3.2 Die mag van Efraim sal binne vyf-en-sestig jaar verbreek word. (Jes. 7:8)
- 3.3 Die Here gee die teken dat die maagd swanger word en 'n seun baar met die naam Immanuel. (Jes. 7:14)
- 3.4 Die Here sal die vyande se mag verbreek. (Jes 7:16-17)
- 3.5 Agas kon enige teken van God vra. (Jes. 7:11)
- 3.6 In die dae van rus sal 'n man hoenders aanhou. (Jes. 7:21)
- 3.7 Die Here sal in hierdie dag na die voëls roep deur te fluit. (Jes. 7:18)
- 3.8 Damaskus is die hoof van Aram. (Jes. 7:8)
- 3.9 Peka was die koning van Israel. (Jes. 7:1)
- 3.10 Samaria is die hoof van Efraim. (Jes. 7:9)

Vraag 4 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 4.1 Watter soort offer word na verwys in Jes. 1:11? Is dit a) 'n brandoffer, b) 'n spysoffer of c) 'n dankoffer. (1)
- 4.2 Voltooi: "...Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal word soos _____, al was dit rooi soos purper, dit sal word soos _____ (Jes. 1:18) (2)
- 4.3 Hoeveel vlerke het die seraf gehad? Is dit 2, 4 of 6? (Jes. 6:2) (1)
- 4.4 Wat was Jesaja se antwoord op die Here se vraag: Wie sal ek stuur? (Jes. 6:8) (1)

35 Punte

Afdeling B – Johannes 2 – 3

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Daar was 'n bruilof in _____. (Joh. 2:1)
a) Kana b) Bethlehem c) Jerusalem d) Jerigo
- 5.2 Wie van Jesus was by hierdie bruilof? (Joh. 2:1)
a) sy tannie b) sy moeder c) Nikodemus d) Johannes die doper
- 5.3 Wat het opgeraak by die bruilof? (Joh. 2:3)
a) geduld b) kos c) wyn d) water
- 5.4 Waarvoor was die klipkanne gewoonlik gebruik? (Joh. 2:6)
a) om meel te berg b) vir reinigingsgebruik c) as ornamente d) vir olie
- 5.5 Hoeveel klipkanne was beskikbaar? (Joh. 2:6)
a) agt b) twee c) ses d) vier
- 5.6 Waarmee het hulle die kanne volgemaak? (Joh. 2:7)
a) geduld b) kos c) wyn d) water
- 5.7 Wie moes proe aan die wyn? (Joh. 2:8-9)
a) Jesus b) Jesus se dissipels c) die hoofdienaar d) die gaste
- 5.8 Hoeveel wondertekens het Jesus gedoen voor die wonder in Kana? (Joh. 2:11)
a) twee b) een c) drie d) Geen
- 5.9 Na watter stad het Jesus opgegaan om die pasga te vier? (Joh. 2:13)
a) Bethlehem b) Samaria c) Jerusalem d) Jerigo
- 5.10 Votooi: Jesus vind by die tempel dié wat beeste, skape en _____ verkoop... (Joh. 2:14)
a) bokke b) duiwe c) perde d) hoenders

Vraag 6 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

Vader, liggaam, drie, Nikodémus, teken, fees, Naam, tempel, sweep, Fariseërs

- 6.1 En hy het 'n __A__ van toutjies gevleg en almal uit die __B__ uitgedrywe... (Joh. 2:15)
- 6.2 ...moenie die huis van my __C__ 'n handelshuis maak nie. (Joh. 2:16)
- 6.3 ...die Jode sê vir Hom: Watter __D__ toon U aan ons, dat U hierdie dinge doen? (Joh. 2:18)
- 6.4 ...Breek hierdie tempel af en in __E__ dae sal Ek dit oprig. (Joh. 2:19)
- 6.5 ...Hy het oor die tempel van sy __F__ gespreek. (Joh 2:21).
- 6.6 En toe Hy in Jerusalem was op die pasga gedurende die __G__, het baie in sy __H__ geglo, omdat hulle die tekens gesien het wat Hy doen. (Joh 2:23)
- 6.7 En daar was 'n man uit die __I__ met die naam van __J__, 'n owerste van die Jode. (Joh. 3:1)

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is. **Vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 7.1 Nikodémus het in die dag na Jesus gekom. (Joh. 3:2)

- 7.2 Nikodémus sê van Jesus: "...ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het...." (Joh. 3:2)
- 7.3 Jesus het geleer dat jy weer soos 'n baba in die skoot van jou moeder gebore moet word. (Joh. 3:4)
- 7.4 Wat uit die vlees gebore is, is vlees, en wat uit die Gees gebore is, is gees. (Joh. 3:6)
- 7.5 Jesus het geleer dat die Seun van die mens verhoog moet word soos die slang wat Moses in die woestyne verhoog het. (Joh. 3:14)
- 7.6 Jesus het gekom sodat die wêreld gered kan word. (Joh. 3:17)
- 7.7 Die oordeel is soos volg: Die mense het die lig liever gehad as die duisternis. (Joh. 3:19)
- 7.8 Elkeen wat kwaad doen haat die lig. (Joh. 3:20)
- 7.9 Johannes die doper het gesê dat hy nie die Christus is nie, maar voor Hom uitgestuur was. (Joh. 3:28)
- 7.10 Johannes die doper het gesê dat Jesus meer moet word en hy minder. (Joh. 3:30)

Vraag 8 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 8.1 Voltooi: Hy wat in die Seun glo, het die _____ lewe... (Joh. 3:36)
- 8.2 Watter kwaliteit wyn was verwag soos gewoonlik later op die bruilof te Kana? Goeie of slegte wyn? (Joh. 2:10)
- 8.3 Voltooi: As iemand nie weer gebore word uit _____ en _____ nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. (Joh. 2:5) (2)
- 8.4 Die wind word vergelyk met die Gees. Waar oral waai die wind volgens Jesus? (Joh. 2:8)

35 Punte

Afdeling C – Les 1-9

Vraag 9 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 9.1 Jou antwoord by belydenisaflegging is ten diepste 'n Ja aan God. (Les 1)
- 9.2 By belydenisaflegging gaan dit oor jou persoonlike geloofsoortuiging. (Les 1)
- 9.3 Die Bybel is vol foute. (Les 1)
- 9.4 God maak Homself slegs bekend deur die natuur. (Les 2)
- 9.5 Die Bybel is die enigste bron met Goddelike gesag. (Les 3)
- 9.6 Die belydenisskrifte was opgestel om veral dwaalleer te bestry. (Les 3)
- 9.7 God se besluit verander nooit nie. (Les 5)
- 9.8 Wedergeboorte behels die ontvangs van 'n nuwe hart. (Les 6)
- 9.9 Geloof bestaan slegs uit kennis. (Les 7)
- 9.10 Iemand wat tot bekering gekom het, het nie 'n begeerte om goeie werke te doen nie. (Les 9)

Vraag 10 Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:

weggeneem, proses, openbaring, Nederlandse Geloofsbelydenis, persone, bygevoeg, persoonlike, algemene, Kerklike, Twaalf Artikels

- 10.1 Die Bybel het Goddelike gesag en die belydenisskrifte het A gesag. (Les 2)
- 10.2 Die Bybel se inhoud is genoegsaam en volledig. Niks van die Bybel mag daarvan B of C word nie. (Les 2)
- 10.3 Een van die drie algemene belydenisskrifte wat die kortste is, is die D. (Les 3)
- 10.4 Die E is in 325 nC opgestel en is later deur die konsilie van Konstantinopel uitgebrei. (Les 3)
- 10.5 By belydenisaflegging gaan dit nie net oor die kennis van die waarhede aangaande die geloof nie, maar ook oor jou F geloofsoortuiging. (Les 1)
- 10.6 God maak homself aan die mens bekend deur die G openbaring en die besondere H. (Les 2)
- 10.7 Heiligmaking is 'n I wat ons lewe lank duur. (Les 8)
- 10.8 Ons leer in die Bybel dat daar net een God is en Hy het Homself openbaar as drie J. (Les 3)

Vraag 11 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 Noem twee eienskappe van die Skrif. (Les 2) (2)
- 11.2 Noem drie eienskappe van die Raad van God. (Les 5) (3)
- 11.3 Noem die naam van een besondere Belydenisskrif. (Les 3) (1)
- 11.4 Noem enige drie elemente van die heilsorde. (Les 6) (3)
- 11.5 Die Bybel het ontstaan deur die Gees van God wat mense so gelei het om die Bybel sonder foute te kon neerskryf. Word hierdie vorm van inspirasie a) meganiese inspirasie of b) organiese inspirasie genoem? Skryf die regte een van die twee op jou antwoordblad. (Les 2) (1)

30 Punte

Totaal: 100 Punte